# Huisgeloof

**Getuig!**

## 1 Omgee

Ons dink in Koninkrykstyd aan hoe ons as dissipels kan leef en getuig teenoor mekaar en ander.

**Kies gou 'n kleur:** rooi, oranje, geel, groen, blou of pers!
Getuig nou deur die vraag te beantwoord. Vertel meer oor...

ROOI: Iemand wat vir jou omgee?
ORANJE: Waaroor is jy dankbaar?
GEEL: Bybelteks/-storie waarvan jy hou of aan vashou?
GROEN: Plek in die natuur wat jou herinner aan God die Skepper
BLOU: Uitdaging wat jy beleef het.
PERS: Lied/fliek wat jou inspireer?

## 2 Lees

**Luk 17:11-19**
**2 Tim 2:8-15**

Laai die **DinkJeug Familie App** gratis af vir daaglikse huisgeloof oordenkings.

Google Play:

Apple iStore:

## 3 Gesels

- Wat staan vir jou uit in die teks in Lukas 17 oor die 10 melaatses?
- Hoekom dink jy het die een omgedraai?
- Hoekom is dit belangrik om te getuig en dankie te sê?
- Paulus vorm Timoteus se geloof deur te getuig. Waaroor getuig hy?
- Hoe kan julle die gewoonte van getuig inoefen?

## 4 Bid

Sê vandag vir die Here dankie vir alles waaroor julle getuig het. Bid ook vir Christene wat in lande woon waar hulle nie mag getuig nie.

## 5 Doen

Gebruik die kleure wat julle vroeër gekies het om dit waaroor julle dankbaar is te teken. Plak dit op sodat dié prente ook kan getuig!
Onthou dat die volwassenes moet deelneem hieraan (al kan hulle nie teken nie!)

